* * *

DR. S. J. RIDDERBOS, *Compromis. Een historische studie over gebod en werklijkheid*, J. H. Kok, N.V., Kampen 1955, 153 bls.

In sy probleemstelling wys die auteur daarop dat die kwessie van kompromie tussen gebod en werklikheid 'n onderdeel vorm in die behandeling van die Christelike etiek. „Het probleem, dat wij op het oog hebben, betreft echter niet slechts een onderafdeling der Christelijke ethiek (zoals die collisio officiorum in vele ethieken a.h.w. aan de orde word gesteld), maar is *de grondvraag, die voor iedere Christelijke ethiek beslissend is: Is radicaal* Christen-*zijn* (*naar de zijde der heiliging*) *in deze wereld*

*überhaupt mogelijk of moet het compromis principieel onvermijdelijk worden geacht?*" (p. 8).

'n Kompromis-situasie ontstaan oral waar ons 'n vergelyk moet tref tussen twee botsende groothede. Ridderbos reken dit prinsipieel moontlik waar ons 'n botsing sou kry tussen twee gebooie van gelyke waarde of tussen gebod en werklikheid, waar lg. beteken die konkrete lewenssituasie waarin die mens daagliks verkeer. T.o.v. die probleem van kompromie tussen gebod en werklikheid beland ons uiteindelik in die hele probleem van die verhouding tussen Christendom en kultuur.

Die werk onder bespreking wil egter nie die probleem sistematies behandel nie en die skrywer wil ook nie waag om 'n eie oordeel uit te spreek nie, maar wil alleen 'n inleiding in die probleem gee deur 'n historiese oorsig oor 'n paar figure uit die 19de en twintigste eeu. Hy behandel dan drie groepe wat hy noem *Monisme* (Schleiermacher, Rothe, Ritschl, Herrmann, eroeltsch, Wünch), *Overgangsfiguren* (Brunner, Althaus, Niebuhr) en *Dualisme* (Karl Barth, Thielicke, Berdiaeff, H. T. de Graaf, Leendertz). Die terme *monisme* en *dualisme* slaan alleen op die houding van die besproke persone t.o.v. die onderhawige probleem. Monisties word dié genoem wat gebod en werklikheid laat saamval, terwyl die wat 'n radikale teenstelling tussen die twee sien, dualisties genoem word.

Die skrywer het sy taak vir hierdie boek baie beskeie gestel en ook daarby gebly. 'n Baie belangrike werk kan 'n mens dit dan ook nie noem nie. Dit is egter 'n interessante oorsig en 'n goeie inleiding tot die bepaalde problematiek.

P. S. DREYER.